

DIE TWAALF KAMERS GEBED

Hersien op Januarie 2017

Voorwoord

As u ly aan siekte, depressie, armoede of emosies wat kom en gaan op hul eie, is hierdie boekie vir jou. Dit is eintlik alleenlik vir mense wat die Skoen en Grot besoek het en die insig van die gewete kom leer het, saam met die kruis.

Hierdie boekie is 'n uittreksel uit die boek: "The Spiritual Sea". Soos u deur hierdie boekie gaan lees, mag daar dalk dele wees wat u nie verstaan nie, dit sal wees omdat u nog nie die ander boeke in die reeks gelees het nie. Daar is tans sewe boeke wat ons geskryf het, in die volgorde wat die Here dit aan my gegee het. Al die boeke bevat prentjies of foto's van beelde of skilderye wat u nodig het om die geestelike wêreld te kan verstaan.

Die grootste vraag wat die mens vra is: "Hoekom help God ons nie?" Meeste van die gebede wat Christene bid bly onbeantwoord, en daarom is meeste Christene hart gebroke en gevange in hulle eie probleme. Die persoon is tog goed, waarom laat God hom so 'n verskriklike dood sterf? As ons 'n lys moes maak van al ons teleurstellings in ons lewe, sal dit 'n lang lys wees. Waar is daardie teleurstellings op hierdie oomblik? Hulle bly nog steeds in ons

onderbewussyn. Ons was nooit geleer om hulle kruis toe te neem nie. U sien, Jesus het gekom om ons te red van die stemme en gedagtes van die verlede wat tog so graag in ons gedagtes inkom, en van emosionele toestande. Dit is juis hierdie gedagtes, verleenthede, pyn en begeertes van die vlees waarvan ons gered moet word. Hierdie ou, slegte gedagtes is sterk vestings in ons gedagtes wat siektes en armoede veroorsaak. Ons wil in 'n vry, geredde toestand ons aardse lewe beleef en toegang hê tot ons Vader in die hemel. Hierdie klein boekie is ontwerp om jou voor te stel aan die manier waarop Jesus ons red. U het nog baie inligting nodig, maar ten minste kan u gou leer wat sonde is, en hoe om daarmee af te handel by die kruis. Na 40 jaar van persoonlike studie, het ek ontdek dat dit die toestand van die gewete is, wat bepaal of God jou sal seën of nie. Ons is almal gebore met dieselfde gewete, en ons besef dat dit reageer op die wet van God, die Tien Gebooie. Sonder hierdie wette sal daar sosiale chaos wees.


Martin Luther het gesê: “Hoe kan daar sonde wees as daar geen wet is nie?”

F. B. Meyer het gesê: “Die gewete is die mees delikaatste instrument in die hele kosmos, die

kleinste kolletjie van sonde op die gewete veroorsaak dat dit ondeurdringbaar of bewolk word.”

Ek wil dit ook anders probeer verduidelik; Meeste van ons sal sê dat ons gewete skoon is as gevolg van die bloed, Paulus het dit ook gesê, maar God bly die beoordelaar. Die oomblik wat ons, ons lewe vir Christus gegee het, het die lig van die Heilige Gees in ons kom woon. Kan u die eerste keer onthou toe u, u lewe aan die Here Jesus gegee het? Die persoon wat saam met u gebid het, het die Here gevra om u sondes te vergewe. Onmiddellik was u gewete skoon gewas en u het lig ervaar, die donkerte het verdwyn en klein wonderwerkies het begin gebeur, en alles was wonderlik. Maar dit het nie lank gehou nie, want sonde, in die vorm van aanstoot, kwellinge en al die ander dinge wat in Galasiërs 5:19 genoem word, het op die gewete kom lê.

God kan beskryf word as 'n son wat die hele tyd skyn, die oomblik toe sonde op die gewete kom lê, toe kon die lig van God nie langer in jou wese inskyn nie en jou vuil gewete veroorsaak toe



dat die seën van God afgesny word. Die gewete is soos die oppervlak van die see, wanneer die see onstuimig, donker en vuil, is kan die lig nie die dieptes penetreer nie. Ons is die 'diep donkerte' waarop die Gees van God beweeg en sê: "Laat daar lig wees!" Genesis 1.

Maar die lig bly nie lank nie, want ons laat die donkerte toe om weer op die oppervlak te kom lê. Die woord 'diep' word vertaal as; "boos, bedroef en onkunde", dit is die deel binne-in ons waarvoor ons skaam is. Dit is die donker emosionele natuur binne-in ons wat somtyds deur die Bybel beskryf word as: "dierlik, wellus en jaloesie". Hierdie donker natuur in ons is die asem van God wat Hy in Adam ingeblaas het, en Adam het 'n lewende siel geword. Die woord 'lewende siel' word vertaal as 'dierlik' in Strong's se Bybelwoordeboek. Wanneer ons donker natuur ons gedagtes regeer, sê ons die dier is op die see. Die donkerte in ons word vergelyk met die see.

Die Twaalf kamers wat ek nou aan u gaan bekend stel, word logies verduidelik in ons sesde boek, 'The Spiritual Sea'. Natuurlik sal ek dit verkies as u al die boeke lees voordat u sommer die sesde boek lees. Omdat die 'Twaalf kamers gebed' my en ook baie ander mense gehelp het,

het ons die uittreksel gemaak, want almal behoort hiervan te weet en dit te gebruik vir die vergroting van hul grondgebied.

Ons kan redeneer dat die '*mind*' baie groot is en dat dit in twaalf sektore ingedeel kan word. Vir die duur van hierdie boekie, gaan ek verwys na die '*mind*' as 'n twaalf-kamer huis. Ons is dan natuurlik die huis van die Here, en net soos ander huise, het ons verskillende kamers soos: Voorportale, kombuise, slaapkamers ensovoorts. Hoe ons, ons huis rangskik, is ons eie keuse maar die eerste vier kamers is gerangskik volgens die uitleg van die tabernakel.

Die eerste kamer: Die offer, wat vir ons Christus gekruisig op Golgota representeer.

Die tweede kamer: Die waskom.

Die derde kamer: Is waar die drie meubelstukke vertoon word in die Heilige Plek. Die sewe kandelare is waar ons die Heilige Gees eer.

Die tafel met die twaalf toonbrode representeer die twaalf dele in ons denke. Die reukwerk altaar is ons wat 'n wel ruikende geur vir God word soos ons gewillig is om 'n lewendige offer te wees. (Alles is in detail beskryf in al ons boeke.)

Die vierde kamer: Is die Aller Heilige Plek. As Christene will ons graag met ons Vader in die Hemel praat soos Jesus ons leer in die 'Onse Vader gebed' moet ons eers vergewe en vergewe word. Dit is die rede hoekom ons eers na die kruis gaan om ons sondes neer te lê of vas tenaal aan die kruis. Dan wil die Heilige Gees ons gewete besprinkel met Jesus se bloed. Daarna eer ons die Heilige Gees want dit is Hy wat ons leer wat fout is in ons denke deur beproewinge. Daarna mag ons instap by ons Vader in die Hemel. Ons is nou skoon gewas en geheilig, gereed om by die Vader te wees.

Dis 'n plek waar ons die Vader eer dat ons in Sy teenwoordigheid kan wees. Ons het geen laste of probleme om hier af te laai nie. Dit is alles in die kruis. Ons is net dankbaar in hierdie kamer. Hierdie dankbaarheid is die regte betekenis van genade. Goedheid en guns het ons deur die kruis gebring en nou is ons dankbaar.

Die rede waarom ek 'finansies' as my vyfde kamer gekies het, was omdat Mattheus die vyfde dissipel was en hy was 'n belastinggaarder. Ek het intussen besluit dat veiligheid van groter belang is as geld en het dus die vyfde kamer my veiligheids kamer gemaak. Die dinge wat vir jou as individu belangrik is word op verdeel in die

oorblywende kamers. 'n Mens wil orde in jou denke hê. Waar ons in die verlede alles in een plek gebid het gaan die daaglikse take in een kamer met God bespreek word. Daarna gaan ons stelselmatig deur die mense verhoudings kamer. Daarna bespreek ons finansies as dit belangrik is. Ek glo alle mense gaan 'n Gesondheids kamer nodig hê. Ek het ook 'n Taal kamer en 'n plek waar ek die woord leer. Alle mense rangskik kamers na hulle lewens patroon.

Die Bybel leer ons dat ons bo alles die hart moet bewaak. Spreuke 4:23: "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe."

Die oorsprong van die lewe is die dinge wat ek sopas bo aan geraak het. God is 'n God van orde. As 'n mens in iemand se huis of motors kom weet jy hoe hul denke is. Party mense is erg oor die netheid van hul huise in so 'n mate dat dit 'n probleem is. Dit mag dui op die feit dat die persoon graag huis wil skoon maak in die denke en dan oor-reageer in die fisiese. As 'n mens die Twaalf kamer gebed gebruik voel dit eventueel asof jy huis skoon gemaak het, wat lei tot aardse netheid. Ons kan nou 'n kind leer waarom hul kamers moet netjies wees want dit dui op die toestand van hul denke.

Die rede vir die getal 'twaalf' is omdat die getal so gereeld gebruik word in die Bybel en ook omdat daar 'n rede moet wees vir die twaalf stamme, en twaalf dissipels, twaalf keer vrugte van die boom in Openbaring, twaalf poorte van die hemelse stad ensovoorts. Ons het ook uit gevind dat daar twaalf hoof senuwees is in die brein. Al hierdie is bespreek in die sesde boek.

Sal u met my saamstem dat om jou kop te kan hou vir een dag sal soos hemel wees? Maar ons is oop vir die see van emosies wat kom en gaan na die '*mind*' op eie wil. Die '*mind*' is natuurlik die hoogste prys en die hoogste plek op aarde. Wie ook al die '*mind*' beheer, heers vandag en sit op die troon in ons '*mind*'.

Openbaring 3:21: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon."

Daar is 'n heilige geveg aan die gang binne-in ons en wanneer ons Jesus die koning van ons lewens maak, is hy ook die kaptein van jou siel. Hy is die leier van die hemelse magte wat baklei vir jou bloedgewaste gewete. Die vyand is die negatiewe emosies en gedagtes. Jou wil, gevoelens en intellek. Wanneer hulle wen, dan is jou seën weg, maar ons het die bloed en die kruis, en môre gaan die geveg weer aan soos

ons oorwin en vry word. Ons gaan nie meer slawe wees vir gevoel nie. Ons word nou geestelik! Daar moet oor negatiewe emosies regeer word, want wanneer daar emosies is, is daar geen krag nie. Emosionele mense is arm en sieklik, selfbeheerste mense is suksesvol in alles wat hulle doen.

Om te regeer oor die intellek gevoelens en will kom nadat die Heilige Gees ons geleer het om met emosies te deel by die kruis.

Om uiting te gee aan emosies is nie 'n Bybelse opdrag nie. Die opdrag is selfbeheersing volgens Galasiërs 5:22. Lees ook Job 15.

Ek gebruik al vir 'n geruime tyd hierdie rangskikking van my kamers met groot sukses, ek plaas dit soos ek dit gebruik vir u persoonlike oordeel. Die idee is dat dit 'n voorbeeld is waarop u, u eie kamers kan bou. Die rede waarom sekere dinge in sekere kamers gedoen word, is om ons gedagtes te organiseer. God is 'n God van orde en dissipline, ons het skoon en georganiseerde gedagtes nodig voordat Hy ons kan verder vat in die plan wat Hy vir ons lewens het.

Hier volg nou 'n uiteensetting van die manier waarop ek my Twaalf Kamers besoek en wat ek

doen in elke kamer.

Die huis van die Here se 12 kamers:

Ek word wakker met Psalm 103; in my eie woorde:

Loof die Here o my siel *en alles wat in my is* loof Sy heilige naam!

Ek beveel alles wat in my is om te buig voor die Here my God. Ek verhef God tot my hoogste plek, bokant enigiets anders. Ek dink aan niks anders as dat die hele mensdom homself moet neerbuig voor die Here God nie. Selfs probleme moet die knie buig en elke tong bely dat Jesus Christus Here is (Fil. 2:10). Ek mediteer die feit dat dieselfde Skepper wat die hemel en aarde gemaak het en al die wonders wat in dit gebeur, babas wat gebore word, met elkeen sy eie individualiteit, die see, die sterre, die berge, die hoogtes en die dieptes, hierdie selfde Skepper leef binne-in my. Die gemoed moet lyk soos 'n opkomende son. Wat het nou weer gister gebeur, of lyk jou *mind* regtig so?

Vergewe my asseblief.

Hier begin ons die toestand van die gewete konsidereer, want ons het gesondig. Hier begin ons gedagtes gevange te neem. Ons neem

gister in herinnering en besluit of vrees, bekommernis of enige van die emosies kom regeer het. Ook vra ons die Here of daar enigiets is wat ek onwetend gedoen het. Die soort gedagtes is doods gedagtes en veroorsaak toksiese doringbome in die gemoeds tuin. Rom 8:6: “Want wat die vlees bedink, is die dood.”

Dit beteken dat die dier op die see is, die Allerheiligste plek is besoedel, die gewete is besoedel en die huis behoort nie ten volle aan die Here nie. Die aanklaer kan nou aankla.

Genees my asseblief. Wat al jou krankhede genees.

Toksiese denke het ‘n vesting kom maak in my gedagtes. Alle siektes, negatiewe situasies, chaos en armoede kom uit negatiewe denke. Die gewete is sonder lewe en die resultaat is dat die brein soos ‘n ou doringboom lyk. Die brein moet die boom van die lewe word.

Ps 103:4: “Wat jou lewe verlos van die verderf.”
Ps 103:4: “Who redeems your life from the pit.”
(NIV)

U red my van die bose gedagte-wêreld, U red my uit sodat ek op die see kan loop in Christus, in 'n hoë geestestoestand, weg van die vlees.

Wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede. (v4)

“Who crowneth thee with loving kindness and tender mercies.”

Daar waar Jesus die doringkroon gedra het, dra ek nou 'n helm van verlossing. Ek is 'getuin' (omhein) en my tuin het 'n heining om vir veiligheid teen die bose. Ek dra ook 'n kroon van heerlijkheid. Hier mediteer ons Sy liefdevolle teerheid en die werk van die kruis.

Ps 103:5: “Wat jou siel versadig met die goeie; sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.”

Die King James sê: “Hy maak jou mond vol goeie dinge.” Ons getuig van die geestelike groei wat Hy in ons laat gebeur. Ons gees word vernuwe en vlieg soos 'n arend, as ons terugkyk en sien hoe Hy ons gelei het.

Die *mind* is nou kalm en begin om weer te hoop vir 'n beter toekoms. 'n Mens sien die kruis en 'Christus-gekruisig' daar bo-op die Golgota-heuwel. Jesus wag ook daar om die gewete te

help suiwer, en dit is baie belangrik om gedagtes gevange te neem vir die volgende stap.

Party keer gebruik ek die Onse Vader gebed om my denke kalm te maak. 'n Mens wil introspeksie doen uit 'n neutrale hoek. Ek moet kalm genoeg wees sodat die Gees my kan wys waarvoor ek moet sterf. In Rom 8:36 leer ons dat ons die hele dag moet sterf. Paulus se ons is soos skape gelei om geslag te word. Die vernuwing van die denke is 'n proses. Dit neem oefening om daaglik gedagtes gevange te neem. In die volgende vers se die Bybel dat ons nogtans meer as oorwinnaars in Christus is.

Daar is 'n lering in party kerke wat sê dat die dinge wat ek hier vir jou noem nie nodig is nie. Hulle se die werk is een keer gedoen aan die kruis, ons moet dit net glo. My vraag is waarom wil Jesus he ons moet daaglik sterf as Hy dit dan een keer gedoen het. Dan sal ons ook al die vooraf genoemde skriftuurplase uit die Bybel moet haal.

Nee die rede hoekom Hy aan die kruis gesterf het was om ons te wys hoe ons daaglik in die gees moet sterf vir sonde. Hy gee ons geleentheid om te sterf vir die vlees hier op aarde.

Ons gaan die probleem wat in ons self is oorwin in Christus, en God kry die eer. Ons gaan beter mense word. Waar ons in die verlede ons

humeur verloor het gaan ons nou selfbeheer. Dit is nie maklik om te doen nie, dit is waarom dit 'n lewens taak is om die denke te vernuwe. Lees Romeine 12. Dit is ook die onderwerp van Romeine 8. Paulus sê dat hy ook daagliks sterf. Ek persoonlik is oortuig dat die onderwerp van die Bybel is om te sterf vir die vlees.

Lukas 9:23-24: "En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red."

Hierdie woord "lewe" wat hier ter sprake is, is die verlede wat gekruisig moet word. As jy vandag met die verlede permanent kon klaar maak dan is jy gered. Die probleem is dat geen mens dit alleen kan doen nie. Nes jy dink jy het geloof dan kom die verlede en vertel jou van jou swakhede. Jesus het gekom om ons te wys hoe om te sterf vir die ou "lewe" sodat ons 'n nuwe lewe in Hom kan hê.

Voordat ons verder gaan wil ek die leser vra om altyd alle skriftuur verwysings in konteks te lees. Lees die hele hoofstuk sodat jy kan verstaan wat die skrywer wil oordra. Mense gebruik enkele skriftuurplase om intellektueel voor te kom. Ons het nie slimghede nodig nie. Kinders moet die evangelie kan verstaan.

Alle mense gaan eendag alleen voor God staan, ek of die mense vir wie jy geglo het gaan nie daar wees nie. Jy is verantwoordelik vir jou gewete teenoor die Skepper.

1ste Kamer - Die Kruis of Golgota

Ons word onder wakker. Al voel dit of daar vrede is en niks verkeerd sal gaan nie, het ons elke kans dat die emosionele toestand ons kan oorneem. Ons het hulp nodig.

Hy het die vloek geword en sonde geword saam met alle siektes. Die vloek wat op die vleeslike mens, met sy innerlike dierlikheid rus, is oorwin en Sy siel uitgestort vir die sonde van die mens. (Jes. 53). Hy het die vlees oorwin en daarom eet ons Sy vlees (brood van die nagmaal) terwyl ons roem op wat Hy gedoen het. Hy het die hele bese geestelike-wêreld oorwin. Dit is hoekom ek ook in staat is om in Christus te oorwin. Ek kan nie die vlees oorwin nie, maar in Hom is ek in staat daartoe. Nou kruisig ek alles in my wat Hy nie van hou nie. Ek kom hou dit teen die snykant van die kruis, my vrees, hoogmoed en bekommernis. Hy help my en ons spyker die ou mens vas in 'Christus-gekruisig'. Bo-op dit spyker

ek nou nog al die ander probleme ook vas. Dinge wat hinder of seermaak soos bv. die verskriklike goed wat sogenaamde Christenmense van ons sê en wat diep seermaak. Moenie toelaat dat die seer daar bly nie, kruisig dit!

Onthou ook nou of enigeen van die verlede se verleenthede of teleurstellings jou weer kom treiter het. Hoeveel ons gefouteer het, en dan kruisig jy dit, en maak seker dit is gekruisig. As jy wegloop van die kruis af en terugkyk sien jy die man van sonde daar hang.

Volgende drink ons die bloed van Jesus (die wyn van die nagmaal). Dis versoening vir die siel.

Ons sonde is op die lam- geslag en onthou, ons noem die sonde op sy naam. Nou drink ons die bloed en die see word Rooi en Farao verdrink.

Sien al die probleme verdrink en die lyke wat op die strand uitspoel. Dankie vir die bloed! En dankie vir die werk van die kruis! Die gedagtes wat ons verslaaf het, is verdrink. Goliat se kop is afgekap. Die vyand is oorwin, eers in die nagmaal, en dan in die fisiese.

Ek het weer 'n kans om die huis van die Here in my te bou. Die mure is gedurig onder aanval, maar die suiwer hoeksteen van 'Christus-gekruisig', maak dat die mure aanmekaar gehou word met die liefdes-sement van die werk van die kruis. As vrees miskien ingebreek het in die huis, dan moet die mure van die huis weer gerepareer

word en ek moet hom dringender kruisig, en meer tyd by Liefde spandeer.

Jes. 60:18: "Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie—van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof."

Ander vertalings se: Jou mure is altyd voor my, jou naam is geskryf op my handpalm. *Your walls are called salvation your gates praise.* Ons maak seker dat ons gekruisig is, saam met die probleme wat in die fisiese, sowel as in die geestelike gekom het. Ons neem gedagtes gevange. (2 Kor. 10:5) Stemme mag nie meer kom met hulle fluisteringe nie. Ons huis moet 'n huis van vrede wees. Waarvan is ons verlos? Van die verlede en innerlike stemme wat gekom en gegaan het nes hulle wou. Daar is alleenlik verlossing as die gewete gesuiwer is. As die gewete skoon is, is daar geregtigheid, waarheid, vrede en geloof en dan verstaan ons die Woord. Hier trek ons ook ons wapenrusting aan. (Efesiërs 6) Ons word nou die verlose van God die geregtigheid van God, waarheid, vrede, geloof en woord van God.

2 de Kamer Waskamer

Wanneer die priester klaar geoffer het, gaan hy waskom toe in die tabernakel-gebed.

Baie belangrik om op te let dat ons gesterf het en nou opstaan in Christus. Ons maak soos Hy gemaak het.

Hebreërs 10:22: “Laat ons toetree met ‘n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die Harte deur besprinkeling gereinig van ‘n *slegte gewete* en die liggaam gewas met rein water.”

Ons gaan nou na die waskom toe, sodat Jesus ons gewete kan besprinkel met sy bloed.
He sprinkles my thoughts from an evil conscience (Heb10:22). Hier ervaar ons kalmte en koelte vir die *mind*. Al die probleme is weggespoel, dis nie langer in die kop nie, maar in Christus en ons is vry. Farao is verdrink in die Rooi See (Gal 6:15). Ons is ‘n nuwe skepsel. “*We are a new creation.*” (Kol 3:11, 2 Kor 5:17) Jesus vergroot my grondgebied. Ander Bybelname vir die plek waar God in ons bly, is: God se huis, tempel, woning, ook verbeelding, hart en geloof. Ons kledingstukke is nou wit en ons hoof vet met olie. As die woord verbeelding jou pla lees Genesis 6:5.

Jes 60:1: “Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van die HERE gaan oor jou op.”

Alles in my, wat die Heilige Gees na my gedagtes toe gebring het en wat Hy nie van gehou het nie, is gekruisig in Christus. Ek het gesterf in Christus, maar nou staan ek op in Christus. Deuteronomium 28 beskryf al die seëninge wat na die persoon toe kom wat die gebooe van God onderhou. Kyk dan ook na die vloeke wat kom, wat die gevolg is as jy dit nie doen nie. Die ou mens het geen outoriteit of geloof nie. Hy kan nie die Here se woord onderskei nie. Hy het geen vrede en geen seën nie. Maar ons is nou vry in Christus. Die vlees is gekruisig. Daar is geen veroordeling nie, want ons is na die gees en nie die vlees nie. (Rom 8) Psalm 30:5 en 6 sê: In die môre is daar gejuig. (*Joy comes in the morning*) Ons is in die beloofde land. Toe Farao verdrink, kom die son op, en ons stap saam met Jesus deur die *mind*-tuin en geniet die plek wat Hy met Sy lewe vir ons kom oopmaak het.

Die bloedgewaste gewete is nou die Koning kryk van God. (U koninkryk, U krag, U heerlijkheid) Ons is die geregtigheid van God.

Daar kom 'n verligting oor 'n mens en die Gees se windjie is koel. As dit nie gebeur nie, is die probleem nie regtig gekruisig nie. Jy het dan nie

regtig met jou Tuinier ontmoet vir redding nie. Dis belangrik, want die volgende kamer het te doene met danksegging. Waarvoor gaan ek dankie sê as ons nie redding ervaar het nie?

3de Kamer - Dankie

Die Heilige plek is waar ons die Heilige Gees eer. Jesus is aan die regterhand van God terwyl Sy Gees in ons woon. Ons wil graag vervul wees met die Heilige Gees want dit is wat met Jesus gebeur het. Daar is drie meubels in die kamer en die meubels het te doen met die manier wat die heilige Gees ons leer om met ons sondige natuur en al sy fasette te deel en daarvoor te sterf. By die sewe kandelare kyk Hy diep in ons harte en weet wat ons swakhede is. Hy doen dit want Hy will ons help om ons denke te vernuwe Romeine 12:1-3. Die Reukwerk Altaar in die middel het te doene met die manier wat die Heilige Gees ons leer hoe om 'n lewendige offer te word. Hy leer ons watter deel van ons moet sterf. Die tafel met toon brode het te doen met die twaalf dele van ons denke. Die toon brode is in twaalf verdeel. Ons dank die Heilige Gees want dis Hy wat so geduldig met ons is. Dit is ook Hy wat toetse in ons lewe bring soos Hy dink ons dit nodig het. Die Heilige Gees is 'n persoon en Hy wil graag met jou kuier en jou voor bery om in God se

teenwoordigheid te wees. Die toonbrode se betekenis is dat Hy ons 'n vertoon stuk wil maak vir die Vader. 'n Mens moet Hom vra om jou te help om die denke te vernuwe. Ons wil bewus wees van die klein stemmetjie. As daar toetse kom weet ons dat ons geleer word om gedissiplineer en met self beheersing op te tree. As jy die toets vaal sal Hy aan hou om jou te leer tot jy jou swakhede oorwin. Soos ons swakhede oorwin is ons meer as oorwinnaars in Christus. Dit staan in Rom 8:36. Die Christus Gees is die Heilige Gees. Soos ons leer om te sterf vir ons ou natuur neem die Heilige Gees daardie spasies in. So word ons denke vernuwe, kry ons die Christus gemoed en word vervul met die Heilige Gees. Op die manier word ons grondgebied vergroot. Dit is ons mikpunt om alleenlik met die Gees vervul te wees en nie die gees van vrees of humeur ensovoorts nie.

4de Kamer - Die Allerheiligste plek

Om nou voor God te verskyn is baie vêrreikend. Nou dat ons in Christus is, gee dit 'n mens vertroue, ons weet ons mag hier wees. Ons het nou soos die verlore seun huis toe gekom. Ons is klaar met die dinge van die wêreld en om varke te voer. Ons is nou in die Sewende dag, ons is in

die rus. Ons maak nou soos die ouderling van Openbaring en lê ons krone voor God. Ons sê soos die ouderlinge "Heilig heilig is God!" In Openbaring 12 lees ons dat die kroon het twaalf sterre. Die twaalf dele van ons ou denke lyk soos die sterre hemel in die nag. Meestal donker, geheimsinnig en vêr buite bereik. Soos ons leer om die totale huis van die Here te word verlig ons hemele en kry ons hemelse denke. Volgens die sterrekundiges is daar 'n riem van twaalf diere in die sterre hemel. Hierdie dierlike natuur van ons gaan sterf en dan sit ons saam met Christus in hemelse plekke Efe. 2:4. Ons kry hemelse denke. Ons Vader in die hemel is 'n groot lig. Alles is deur Hom geskape en vir Hom. Ons staan voor die groot lig en laat die lig elke deel van ons denke deurdring. Ons het geen probleme om met Hom te bespreek nie want ons laste en probleme is vas genael aan die kruis. Alleenlik 'n bewuswording dat jy 'n seun of 'n dogter van God is. Die Bybel sê dat ons mede erfgename saam met Christus is. (Rom 8:7)

'n Mens moet ook bewus word dat God heilig is. Sonde mag nie voor Hom verskyn nie. In die kamers gaan ons elke keer verskyn voor die troon van God met die oorspronge van ons lewe.

Die kamer is ook die Liefdes kamer; in die plek is Liefde teenwoordig en 'n mens ervaar die

reënboogkleure en die warm gloed van ons Vader in die hemel. Die kruis het dit moontlik gemaak dat ons in die kamer kan inkom waar die groot fontein van God se karakter ervaar kan word. Soos 'n waterval in volle vloed, so is Hy. Alles is in oorvloed, alles te veel, te veel sterre om te tel, te veel blare aan 'n boom om te tel. Onder sy groot waterval gaan staan ek en ervaar die liefdes fonteine. Ek mediteer sy oorvloedige karakter. In hoe 'n mate kniehalter ons nie onself met self opgelegde reëls nie? Hy wil hê dat ons deel moet wees van Sy oorvloedige denke.

Joh 3:16: "So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore seun gegee het." Ons mediteer Sy liefde. Moenie bang wees om te verbeel nie. Ons is geskape om te verbeel, met die verbeelding is ons in Sy teenwoordigheid en vloei die groot waters.

5de Kamer - Die veiligheids kamer

As 'n mens se denke nie omhein is of geseël is nie is ons oop vir alles wat sleg is. Kyk God het mos vir Adam gesê hy moet die tuin bewaak. As 'n mens met die geringste bietjie vrees in jou denke gaan slaap, dan is daar nie geloof in jou hart nie. Wanneer het 'n mens geloof? Wanneer jou hart rein is! As jou gewete rein is het jy

geloof. As daar vrees is in jou hart het jy geloof dat slegte dinge met jou gaan gebeur. Dit is 'n sondige hart!

Wanneer ek my kamers binne gaan maak ek seker dat my sondige natuur dood is. In die majestueuse kamer lê daar 'n doodskis by die ingang wat in die vorm van 'n kruis is. As ek kyk daarin sien ek die sondige vlees daar lê. Ek wil nie in die kamer bid met enige deel van myself nie, Ek vra ook die Heilige Gees om my gedagtes met die bloed te was. Hierna troon ek die Vader die Seun en Heilige Gees in my hart. Die een muur van die reuse vertrek verander in die troon van God, die hele hemel is hier teenwoordig. Ek gaan staan op die heilige klippe voor die troon in Christus en as ek bid weet ek die hele hemel hoor my gebed om veiligheid vir my familie, vriende en ons belange.

Wanneer ek die Vader sy kop sien knik sien ek die engele beweeg na hulle poste toe. As ek klaar gebid het gaan ek uit en maak die deur toe. Die deur word nou geseël met die bloed uit 'n pragtige kom wat daar langs elke deur staan. Die engele gaan dit nie doen nie, jý moet. Op die manier is hierdie een twaalfde deel van my denke geheilig, bruikbaar en geseël. Dit is nou die KRAG van God. Daar is geen twyfel in my dat my gebed verhoor is nie.

Agter daardie deur vermeerder die lig en water begin onder the drumpel uit loop. Die water is die seën van die Here wat gaan vermeerder net soos Esegïël se verhaal van die tempel deure verduidelik. As 'n mens nie die deure toemaak nie gaan die sondige natuur weer terug.

Gen. 4:7: "...die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers."

'n Mens seël die deure op dieselfde manier wat die Israeliete die deure van hul wonings moes seël sodat die dood nie kon inkom nie.

Soos ons weet help fisiese heinings nie regtig nie. Dit is die mind wat omhein moet wees.

6de Kamer – Daaglikse Take

Hier ontvang ons open-barings kennis van hoe om die dag te reël. Soos ons elke kamer binnegaan is ons bewus dat ons kan sien in die geestelike-wêreld want die skoon gewete kan verbeel net soos 'n kind kan. Die bloed-gewasde gewete is die Koninkryk van God. Wanneer ek die Koninkryk vind word alles bygevoeg.

Ons bring die dag wat voorlê na die kamer toe. As ook al die moontlikhede en dinge wat ons wil bereik en doen, maar waarvoor ons leiding nodig

het. Ons weet wat ons wil doen, maar sal dit moontlik wees? Die ideaal is dat ons hier baie stil word en wag vir 'n woord van leiding. Elke persoon het 'n individuele lewe en het 'n ander lewenstyl. Die idee is dat ons daardie goeie dag wil hê waar alles in plek val. Ons begin deur veiligheid en beskerming vir almal te vra, ook vra ons vir vreugde, vrede en selfs om die regte weer te sien, terwyl ons deur die normale take van die dag gaan. Ons beplan die dag en kyk of ons die situasies kan verlig deur beter beplanning, sagter woorde en om beter wysheid en insig aan die dag te lê. Ons wil emosionele manipulasie en verkragting onmiddellik herken en weet hoe om te reageer.

Waar ons ook al gaan, die hele hemel is betrokke want ons het ons bes gedoen om te organiseer en te beplan. Engele gaan voor ons uit en ons verwag om die parkering te kry en die regte woord vir die regte persoon op presies die regte tyd te bring, met wysheid en humor vir elke omstandigheid. Rondom ons begin 'n muur van vrede voor ons uitbeweeg en vir ons spasie maak. Mense begin die verandering in ons waarneem. Al is die suiwering van die gewete pynlik, sê almal dat dit die moeite werd is. Ons geniet nou volle veiligheid en verwag dat net goeie dinge na ons toe sal kom en ervaar veiligheid teen die aanklaer, oordelaar,

skinderbek, diewe, ongelukke ens. Niks gaan ons ontstel nie en ons visualiseer dat ons op die regte plek op die regte tyd is, want ons is gunsteling van die Here. Ons gaan ook versigtig aandag gee aan die soort gedagtes wat ons het, en waak en bid teen die emosionele aanvalle. Die vyand kom in soos 'n engel van die lig en sy teiken is die troon van die hart.

7de Kamer - Finansies

In elke kamer is die troon en Vader en Seun en die hele hemel is teenwoordig soos ons die gemoed vir die dag her organiseer en beplan. So gaan elke dag 'n goeie dag wees.

In dié kamer kom ons as gesin byeen en bespreek met ons Vader in die hemel, die toestand van ons finansies. Hier verstaan ons die redes vir die foute wat gemaak is in die verlede, en leer ons hoe om met geld te werk. Begin om al jou finansiële moontlikhede met Vader te bespreek en wag vir openbaring en wysheid. Vat jou tyd en laat die waters oor jou gemoed was soos jy wag vir die stem wat soos baie waters klink. Hier sien ek waar om geld te saai, tiendes te betaal. Ek sien ook hoe om geld te genereer en te belê. Ek sien alles wat geld kan genereer en leer om 'n goeie rentmeester te wees. Hier vloei hemelse idees in my in, en ek verwag om

dinge te sien wat geen mens op aarde nog ooit gesien het nie. Ek verwag om deur die Heilige Gees geïnspireer te word. Ek het die krag van 'n heilige gewete en kan God vra vir miljoene as ek dit nodig het. Maar Hy verwag nog steeds dat ons in geloof moet lewe.

8ste Kamer - Bid vir ander

In die kamer is die hemel nog steeds teenwoordig. Hier by die groot waterval sien ek die hemelse lig daar bo en in die sagte lig hier by die voet van die waterval is 'n groot poel kalm water. In die mis van die waterval, in die waterpoel, maak ek die gestaltes uit van persone vir wie ek moet bid. Ek ontvang ook met tye kennis van hoe om vir hulle te bid.

Miskien het jy ook 'n gebedslys, maar die idee is dat ons hier leiding ontvang, om te weet hoe om vir ander in te tree. Ons sien mense hier in die geestes-realm, maar moet nie vergeet om blomme te saai as jy hulle in die onmiddellike sien nie. Om mooi dinge van mense te sê by hul begrafnis is te laat. Ek het ook hier 'n groot operasietafel waar ek siekes heen bring, reg onder die groot waters, vir genesing. My eie intieme familie het ek ook 'n plekkie voor by die waters. Party mense wil 'n mens sommer versuip, dan noem ons dit maar doop. Ander het

ons dalk te nagekom en vir hulle los ons sommer om te lê in die water, sonder bene want hulle moet maar 'n bietjie in God se hart week. Ander se koppe wil 'n mens was, jy mag dit hier doen. Die idee is dat die mense nie in ons koppe is nie, maar in Vader se hart. Nou kan Hy met hulle werk. Ook die geestelike gestremdes en gebondes in donker, bring ek hierheen. Hulle wat gebreekte harte het, vir wie ék dalk te na gekom het. Hier dank ons ook die Here vir wat Hy vir ander doen, ens.

9de Kamer – Taal

Kol 4:6: “Laat julle woord altyd aangenaam wees, met *sout* besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.”

Mense wat twaalf georganiseerde kamers besit, praat nie baie nie, want hulle is rustend.

Ps 103:5: “U maak my mond vol goeie dinge.”

Goeie dinge is vir my getuienisse. As gevolg van die toestand van die hart, so sal 'n persoon praat. Wat die hart van vol is, loop die mond van oor. Maar Job se raad is om in die Here verskuil te bly.

Job 5:21: “As die tong gésel, word jy weggesteek; en jy hoef nie te vrees vir verwoesting as dit kom nie.”

Die ou predikante is heeltemal oortuig dat moderne Christene te veel praat.

1 Pet 3:10: “Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie.”

In ander woorde; ‘n mens praat verkeerd en dit veroorsaak dat slegte dinge kom, geloof kom deur die gehoor. Byvoorbeeld ons praat onself in vrees in.

Sprenke 10:31: “Die mond van die regverdige laat wysheid uitspruit, maar die valse tong word uitgeroei.”

Wanneer mense so op mekaar skree, is daar geen lewe nie. Dit het buitendien nie goeie gevolge nie en ‘n mens voel sleg daarna. Dit is natuurlik die gewete, want daar was nie selfbeheersing nie. Die frustrasies wat geuiter is moes gekruisig gewees het, dan kon almal op ‘n sagte toon die saak bespreek het en die oplossing gekry het. Gebruik die gesinsvergadering!

Sp 12:18: “Daar is een wat onverskillig woorde uitspreek soos swaardsteke, maar die tong van die wyse is genesing.”

Ek wil graag hemelse wysheide vloeiend praat en ander positief beïnvloed. Daar moet suiwerheid wees en sprankeling. 'n Mens wil soos 'n fontein van lewende water wees, 'n fontein wat nie opdroog nie. (Hooglied 4:15)

Jak 3:6: “Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek.”

Om met mense te praat oor probleme, is nie kruis toe gaan nie.

Jessi Penn Lewis sê: “Meeste ly aan 'n onderdrukte gees, net soos die liggaam ly as dit nie oefening kry nie.” Die gees wat geoefen is om gelei te word deur die Heilige Gees, sal nie 'n praatsiek persoon wees nie, dit is vleeslik.

Wanneer ons gees daaglik gelei word soos ons gehoor gee aan die Gees, in stilte, ontvang ons hemelse kennis. Wanneer ons die kennis deel, dan maai ons kennis. Wanneer die Christen in geestelike konflik verkeer, dan word hy stiller, want die oorwinning word dikwels behaal deur 'n stil eenvoudige woord.

Johannes 7:38: “Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.”

Die woord binneste word vertaal as ‘uit die maag’. Maar partykeer is dit die ‘hart’ en ‘gewete’.

Sp 25:11: “Goue appels op versierde silwerborde, so is ‘n woord op sy tyd gesprek.”

10de Kamer - Die Kombuis

My jeug is vernuwe soos dié van ‘n arend. In die kamer ontvang ‘n mens insig en kennis oor eetgewoontes. Dit is verseker bewys dat vegetariërs meer onmiddellike krag uit hul kos put. Volgens opgraving en studie van beenstruktuur het die Romeine dit selfs geweet en hul grootste sportmanne was met heel koring en bone gevoer. Die Here het in elk geval gesê dat Hy die sade van die veld vir ons gegee het om te eet. Paulus sê ons moet eet soos ons weet ons moet, maar moet nie die vegetariërs te na kom nie. Ons wil niemand affronteer nie want dit sal die toestand van hul gewete belemmer. *They will take offence, and we did cause offence.* Dit word behandel in die Onse Vader.

In die kamer wil ons hemelse insig kry oor wat se soort kos ons moet eet. Die uiteet-kos is gewoonlik ongesond want dit mòet mos lekker wees, ons betaal mos baie daarvoor. Dis eintlik 'n bederf, maar die kos is nie goed vir ons nie. Terwyl ons hier by die rivier sit, sal ons hemelse instruksie ontvang en dan meer gedissiplineerd wees as die Here wys wat reg is. Ons ontvang miskien kennis deur boeke, drome en ander mense. Ek het byvoorbeeld in 'n droom, 'n sak koffiebone gesien met 'n rooi kruis daaroor en dit het my koffie-probleem opgelos.

11de Kamer – Slaapkamer

Alle huise het 'n slaapkamer en 'n mens spandeer die helfte van jou lewe hier. Die rivier van God vloei ook hier. Nee, daar is nêrens 'n plek waar 'n mens kan wegvlug vir die Here nie en ons kan maar net sowel die lig ook hier toelaat. Die diep geheimenisse is nie meer geheim nie, want Hy het alles gemaak, ons kan Hom nie skok nie. Nee Ron, nou gaan jy darem te vêr! Alles moet in die lig van die kruis kom, ons kan. My persoonlike ondervinding is dat die dinge wat jy in die donker doen, sal in die lig kom. Alles wat 'n mens hier voor die lig van die Here, in die groot rivier bring, sal Hy op verbeter. Dit is omdat ons sekere dinge privaat wil hou dat die Here ons

nie kan help nie. Hier word ons ook wakker met:
LOOF DIE HERE O MY SIEL EN ALLES WAT IN
MY IS! As ons hier wakker word met
bekommernis dan wys dit die toestand van die
gemoed wat gekruisig moet word. Ons begin
alreeds (2 Kor 10:5) "terwyl ons planne verbreek
en elke skans wat opgewerp word teen die
kennis van God, en *elke gedagte gevange neem
tot die gehoorsaamheid aan Christus.*"

Baie mense is geneig om aan te neem dat jou
lewensmaat jou moet vervul. Eva was nie vir die
rede vir Adam gegee nie maar as 'n hulp.

Gen 2:18: "Ons is 'n hulp vir mekaar om die
gewete te bewaak en onderhou."

Om te sê dat die persoon het jou hart gebreek, is
dan 'n verkeerde persepsie want die hart behoort
aan God.

F.B. Meyer sê dat getroude paartjies, die woorde
in Deut 24:5 moet gehoorsaam. As 'n man pas
getroud is, hoef hy nie op kommando uit te trek
nie, en hulle moet hom in geen enkele opsig iets
oplê nie; een jaar lank moet hy vry wees vir sy
huis en aan *sy vrou wat hy geneem het, vreugde
verskaf.* Dit is van allergrootste belang dat liefde
tussen 'n man en vrou moet heers en dat hulle te
alle tye saamstem want hulle is die fondasie
waarop die gesin gevestig word. Die gesin gaan
die hele gemeenskap beïnvloed, miskien nog die
land. Die man is die priester van die huis en

moet sy verpligtinge nakom om te alle tye, die vrede te bewaar. Ek vereis vrede in my huis! Alle probleme word bespreek voor slapenstyd sodat die Here dit vir ons veilig kan hou as ons slaap. M Hendry sê: *“The dirty conscience is a bad bed fellow.”*

Ons gaan slaap nie met die probleem nie, maar sien dit asof dit, in danksegging, reeds opgelos is.

12de Kamer - Kantoor

Kennis moet geliasseer word, voor nuwe kennis kan inkom. Om kennis by die Here te kry moet ons tyd gee.

Louis Malherbe se wenk was om die wekker te stel om op te staan vir gebed en Bybelstudie. Dit help nie jy wil agter Ma sê rug inkruip en dink jy gaan sommer in die kooi stiltetyd hou nie. Sy raad was: “Staan op, maak klaar met die nag, trek aan, was en gaan na jou binnekamer.” In die beginjare het dit gevoel of die nagte van by die Here sit, niks ingebring het nie, maar dis nou makliker met die twaalf kamers. Ons identifiseer vyandige gedagtes, kruisig hulle en die kanale gaan oop na die Here toe. In die begin neem dit baie lank om die kamers te skep en meeste mense vorder in die begin, net tot by die waskamer. Met oefening stap jy later gemaklik

deur die georganiseerde huis. Kennis van die twee-snydende swaard skei tussen vlees en gees en gepaardgaande, met die ordelike *mind* vloei kennis omtrent aanhoudend in. Jy sal kennis ontvang in ooreenstemming met die tye wat jy saai. Dit is belangrik om die Bybel te lees, selfs die stukke wat nie nou sin maak nie, sal uiteindelik, maar dit moet gelees, en geliasseer word. Later sal die Heilige Gees verwysings maak, en kan jy daarmee assosieer, want jy het dit mos reeds in jou.

Party wonderlike mense kom vir 'n paar dae hulself afsonder by die Here. Vir mense wat uit die stad se gejaag kom is dit baie moeilik om denke so te verander en hulle probeer baie hard om by die Here te sit. Maar as ek hulle die beginsels van die twaalf kamers wys en verduidelik, verander dit dadelik en die antwoorde kom sommer, want die gemoed is georganiseer. Dan gaan die geestelike kanale oop.

Mens maak kamers soos jou behoeftes verander. Het jy 'n outoriteit kamer nodig?

Outoriteits kamer

Die rede hoekom 'n mens daagliks moet sterf, is sodat hy in Christus kan opstaan en outoriteit oor die aarde kan neem. Baie Christene wil huil as hulle by die Here is, maar huil is nie deel van die vrug van die Gees nie. Hier praat ons met die *Berg* (Markus 11:23) Noem die probleme op hul naam en spreek hulle met outoriteit aan.

Profeteer oor dit en sien dit as reeds opgelos. Sien die probleem verwyder uit jou lewe. Hier behaal ons oorwinnings in die teenwoordigheid van die hele hemelse troon. Geen wapen wat teen ons gesmee is, sal voorspoedig wees nie. Net soos Joshua nie moes vrees nie (Jos 1:9) Want die Here God is met jou, so gebruik ons 2 Kor 10:5 “terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus”. In ons eie *minds* is daar vestings van vrees, wat hanteer moet word en dan is daar nog die werke van die boosheid in ander mense waarteen ons te staan kom. Daar word dinge teen ons gesê, ander gelowe span saam om sielskrag aan te wend teen ons om Westerlinge en kerke te ondermyn. Hulle neem beheer oor ons finansies en wil ons slawe maak van 'n wêreldstelsel. Ons staan in

geregtigheid teen die werke van die bese, op elke gebied onder leiding van die Heilige Gees. Ons staan teen toordokters, die woorde wat teen ons gespreek word in hekserij, begoelings en vervloekings wat uitgespreek word. Daar is instansies wat mense in die donker aanhou om hul geeste te projekteer vir bese redes. Ons regering is nog nie Christene nie en ons moet vir hulle bid. Ons bind die werke van die bese, bestraf dit in die mense en seël hulle met die bloed sodat die lig van God kan inkom en hul harte aanspreek.

Jes 54:17: “Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE.”

Party mense wag vir die Here om outoriteit te neem, Christus is reeds in ons. Die dag van die Here is hier. Dis nie 'n teologie of doktrine wat hierdie persoonlike droom van ons sal laat gebeur nie. Dinge gebeur in die geestelike realm, omdat ons dit sê, en permanent daarna kyk in danksegging. Ek weet dat die hemel en engele die waarheid is. Maar hulle het nie een klip opmekaar gesit waar ek gebou het nie. Ek moes dit doen! Maar die eer behoort aan die Here. Mense wat uitstap met 'n heilige gewete is die

getuienis-bringers, deur die bloed van die Lam. (Open 12:11) Die bloed is die geseëde toestand waarin ons inspirasie kry om te weet wat om te doen. Dan doen ons dit met al ons mag. Ek merk aan jou stap en praat, of jy in oorwinning jou toekoms sien, en of jy opstaan in die nag en outoriteit neem oor die bose fluisteringe wat sê jy sal dit nooit bereik nie. Mense wat ewe skielik geld kry is nie gelukkige mense nie. Ons wil die dinge self bereik en 'n getuienis hê. Ons soek die persoon wat gewillig is om op te staan, en te sê dat die onmoontlike omstandighede gaan verdwyn, want ek sê dit in die Naam van die Here. Moet nooit so pap word soos ek en lang ure by die kruis, in selfondersoek, spandeer en nie deur die kruis stap in outoriteit nie. Deur elke dag se oppervlakte te ondersoek en gedagtes gevange te neem, is genoeg. Gaan kruisig dit, dan gaan was jy en staan op in Christus en stap deur al jou kamers en kyk hoe lyk jou toekoms. Moet nie ophou tot dit gebeur het nie. Dan gee jy die Here die eer! Die dag van die Here is hier. Net soos dit was in die dae van Noag. (Mat 24:37) En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

Noag is in die geseëde ark gered van die vloed (vlees), net so is ons gered uit die vlees om in Christus te wees. Ons kan nie langer wag vir

eendag, as die Here kom, om ons dan te help nie. Ons kan nou opstaan, opkyk en praat met die toekoms sonder die vlees se inmenging en die beloofde land in besit neem.

‘n Voorbeeld van outoriteit is ‘n oom wat onlangs deur die Grot gegaan het, met sy gesin. Toe hy klaar geluister het, vertel hy ons van hoe sy knieë hom slapelose nagte gegee het. Hy sê dat die dokters hom vertel het, dat dit van ouderdom en artritis was. Maar die oom **het met die knieë gepraat!** Hy het die dag gemaklik deur die grot geloop, sonder enige teken van artritis. Dan moet ek hier byvoeg dat hy die resep van die kruis lankal gebruik het, sonder dat hy daarvan bewus was. Hy is ‘n oop persoon wat opreg met almal om hom, in selfbeheersing lewe. My vraag is: Het God met die knieë gepraat, of het die oom? Eintlik is dit God in die man. (Kol 1:27, 1 Kor 2:16, Fil 2:5, Rom 12:2)

Joh 10:34: *“Jesus answered, Is it not written in your Law, I said, You are gods?” (Ps. 82:6.)*

John G. Lake het in die spieël gekyk, sy vinger na sy beeld gewys en gesê: “Binne-in die man leef God.”

Ons mense staan in hopies en praat oor die verskrikking in ons land. Daar is geen krag nie want dit is emosie. Laat elke persoon opstaan en homself rig vir die toekoms. Want met ‘n skoon

gewete, is ons die geregtigheid van God. Bid nou met vasberade vertrou en sien hoe God die gebed van die geregtigde beantwoord. Daar is beslis 'n toekoms vir ons kinders en hulle kinders, want ons het uitgevind die gewete is God se woning, in ons.

Daar moet dissipline wees om die waarhede aan te wend.

Die Bybelgeskiedenis leer ons dat wanneer die mense afvallig geword het, het hulle hul land verloor, ander gode aanbid. Maar ons sê ons aanbid nie ander gode nie! Ja, ons doen! Woede, vrees en hoogmoed regeer op ons troon. God sal ons beskerm, maar daar is reëls. Ons is veroordeel, want ons is na die vlees (Rom 8:1) Ons leef nie lank op die aarde nie en terwyl ons hier is moet ons heers. Ons moet soos Jesus wees, Hy het gepraat met die storm. Hy het nie op en af gespring en geskree op die see nie, maar duidelik gesê: "Vrede", en toe is die storm stil. Die see het na hom geluister want hy het nie gesondig nie, en sy gewete was heilig, waar Hy permanent in kontak was met ons Vader.

Ek skep kamers soos ek dit nodig het. Ek het gedurende die droogte bekommerd geword oor ons boorgat se water vlak en toe het ek 'n Water Kamer gemaak. Daar kon ek sien hoe God voorsien as daar orde in jou denke is. 'n Boer sal

miskien 'n Weer Kamer hê. Dalk het jy 'n musiek kamer nodig as jy wil vorder in jou musiek. Musiek kom tog van God af. Enige deel in jou lewe waar jy probleme het kan jy 'n aparte kamer maak.

'n Woord van Waarskuwing

Sodra 'n persoon besluit om te onderskei tussen siel en gees is die HEILIGE GEVEG aan die gang!

Baie van die stellings in hierdie boekie mag dalk nie ten volle verstaan word voordat u nie ten minste deur die grot was, of van die seminare bygewoon het, of die boeke gelees het of na die DVD's gekyk het nie.

Kontak ons gerus vir meer inligting.

Hier volg 'n voorbeeld van my dogter Michell se uiteensetting van haar Twaalf Kamers. Miskien hou jy van haar manier en kan jy jou eie maak volgens haar voorstelling. Dit help om georganiseerd te wees.

1	Laying down of: Self, Ego, Flesh, Body, Past Sins, Sinful Nature, Old man Willful laying down.
Cross Outer Court Dwelling of Flesh	Take part in Communion eat the body of Jesus and drink the blood of Jesus.
2	Let Jesus sprinkle your conscience and mind with his blood and seal you from all the problems.
Wash Outer court Washing of the Flesh	Examination of one self in the mirror of the Word of God Putting on the Armour of God Wash me with pure water, cleanse me with your Word.
3	Table of Show Bread: Will
Worship Inner court Taking part of Resurrection Entering Spirit	Candle stick: Intellect Incense: Dealing with our Emotions and Feelings Honour the Holy Spirit and deal with your W.I.F.E. (Will, Intellect, feeling, Emotion)
4	God is holy
Throne Room Presence of God This is your Imagination Your whole mind and everything in it	We are in God, Christ is in us, we are able to keep His commandments and find His Will by dwelling in His presence We take the revelation of God's holiness and go with the light of that revelation into each of our Rooms, allowing the Spirit of God to lead us We are Chosen to be Son's of God (Rom8) Also our place of Rest to which we return after being to the other rooms. Place of Fellowship with God

5	6	7	8	9	10	11	12
Tasks	Language	Relationships	Office/Study/ Revelation	Future/Bedroom Special requests	Finances	Kitchen Health/Healing	Safety/protection Authority
<p>1. Light of God Enter in and shine on every task.</p> <p>2. Cast down evil/dark thoughts or strongholds</p> <p>3. Speak life See that which is not as if it is</p> <p>4. Apply the blood of Jesus on the doorpost of this room</p>	<p>1. Light of God shines into personality speech and character</p> <p>2. Cast down evil/dark thoughts or strongholds</p> <p>3. Speak life See that which is not as if it is</p> <p>4. Apply the blood of Jesus on the doorpost of this room</p>	<p>1. Light of God shines onto each person See people as if they are already changed</p> <p>2. Cast down evil/dark thoughts or strongholds</p> <p>3. Speak life See that which is not as if it is</p> <p>4. Apply the blood of Jesus on the doorpost of this room</p>	<p>1. Light of God shines on His Word and brings revelation</p> <p>2. Cast down evil/dark thoughts or strongholds</p> <p>3. Speak life See that which is not as if it is</p> <p>4. Apply the blood of Jesus on the doorpost of this room</p>	<p>1. Light of God shines onto each request</p> <p>2. Cast down evil/dark thoughts or strongholds</p> <p>3. Speak life See that which is not as if it is</p> <p>4. Apply the blood of Jesus on the doorpost of this room</p>	<p>1. Light of God shines into finances</p> <p>2. Cast down evil/dark thoughts or strongholds</p> <p>3. Speak life See that which is not as if it is</p> <p>4. Apply the blood of Jesus on the doorpost of this room</p>	<p>1. Light of God shines into your body</p> <p>2. Cast down evil/dark thoughts or strongholds</p> <p>3. Speak life See that which is not as if it is</p> <p>4. Apply the blood of Jesus on the doorpost of this room</p>	<p>1. Light of God shines over your property or possessions or areas where you live and work</p> <p>2. Cast down evil/dark thoughts or strongholds</p> <p>3. Speak life See that which is not as if it is</p> <p>4. Apply the blood of Jesus on the doorpost of this room</p>

Die reeks, Die Lyn bestaan uit:
Boek 1 – Die Lyn
Boek 2 – Die Kort Swaard
Boek 3 – Die Tuin
Boek 4 – Die Geheimenis van die Eeue
Boek 5 – Kamer met 'n uitsig
Boek 6 – Die Geestelike See
Boek 7 - Die Twaalfde Kamer
Boek 8 - Die Gewete
Boek 9 - Verruiming van die Hart.

Daar is ook DVD's
beskikbaar op elkeen
van die onderwerpe
genoem by
www.theshoe.org.



Die boeke is in
elektroniese formaat beskikbaar. (PDF)

Naweek pakkette is ook beskikbaar waarby
akkommodasie en etes ingesluit is. Praat met
Yvonne of Michell.

Ron van Zyl is 'n kunstenaar, skilder, beeldhouer, skrywer en teologiese student. Hy is ook die ontwerper en bouer van die Alfa Omega Grot, en saam met sy gesin bied hulle daaglikse toere aan deur die grot. Hy is die stigter en hoof van Die Skoen Ministries en bied ook seminare aan gebaseer op sy Goddelik geïnspireerde skilderye.

Fisiese adres: R36 hoofpad, 20 km Noord van Ohrigstad, Limpopo.

Pos Adres: Posbus 206, Ohrigstad, 1122

Epos: info@theshoe.org

Tel: 013 23 80304

Web: www.theshoe.org



Heaven or Hell booklet R20